

Kraaknet en kraaknuut
ROOI ROSE

Hekelboek

Doilies word houters, borde, mandjies en juwelekissies

**Mandjie vir
lekkernye**



**Meerdoelige
houer**

Doilies hoef nie net tafellappies te wees nie. Jy kan hulle gou-gou in pragtige, dienlike houers omskep. Hier is die geheim: stywe hulle met suiker of met verdunde stysel. Doop hulle in die taai oplossing, droog uit en vorm om die houer wat jy wil naboots. Plaas dan met houer en al in die oond — pas net op vir te veel hitte

Meerdoelige houer

BENODIGDHEDE

50g PINGQUIN-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 1,75 mm.

AFKORTINGS (geld vir al die patrone)

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; hlb — halflangbeen; dsl — dubbelslagsteek; driesl — drieslagsteek; ls(e) — lus(lusse); vlge — volgende; rdte(s) — rondte(rondtes); sk(e) — skulp(skulpe); gs — glipsteek; sp(s) — spatie(spasies); tr — trossie (hou laaste lus van elke steek open, garing rondom hekelpen en trek deur al die lusse); grh — garing rondom hekelpen; goh — garing oor hekelpen; p(s) — picot (picots) (= 3 ks, gs in 3e ks vanaf pen); vermeer — vermeerder; beg — begin; herh — herhaal; gp(e) — groep(groepe).

AANWYSINGS

Maak 6 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: werk 12 kb in ring.

2e Rondte: (5 ks, 3 driesl in vlge kb, 5 ks, 1 kb in vlge kb) 6 maal en eindig met gs in 1e ks aan beg van rdte.

L.W: In 2e rdte word pen net in voorkant van kb in vorige rdte gestee.

3e Rondte: (met pen in agterkant van steke van 1e rdte), 3 ks (= 1e lb), *3 ks, slaan 1 st oor, 1 lb in vlge st. Herh vanaf * en eindig met gs in 3e van 3 ks aan beg van rdte (6 ks-sps).

4e Rondte: 5 kb in elke ks-sp (30 kb altesaam)

5e Rondte: 3 ks (= 1e lb), 2 ks, slaan 1 kb oor, 1 lb in vlge kb, 2 ks, (1 lb in vlge kb, 2 ks, slaan 1 kb oor, 1 lb in vlge kb, 2 ks) 9 maal en eindig met gs in bopunt van 1e lb aan beg (20 ks-sps altesaam).

6e Rondte: gs tot in 2-ks-sp en werk {2 lb, 1 ks en 2 lb (= skulp) 3 ks, slaan vlge ks-sp oor} 10 maal en eindig soos voorheen.

7e Rondte: gs tot in sk-sp, *sk op sk, 4 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

8e Rondte: gs tot in sk-sp, *sk op sk, 3 ks, koppel nou ks-sps van 6e en 7e rdtes met 1 kb, 3 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

9e Rondte: gs tot in sk-sp, * 1 kb in sk-sp, 8 ks. Herh vanaf * en eindig met gs in 1e kb.


10e Rondte: 10 kb in elke ks-sp.

11e Rondte: (1 lb, 2 ks, slaan 1 kb oor, 1 lb in vlge kb, 2 ks, slaan 1 kb oor, 1 lb in vlge kb, 2 ks, slaan 2 kb oor, 1 lb in vlge kb, 2 ks, slaan 2 kb oor) 10 maal en eindig soos voorheen (40 ks-sps).

12e Rondte: gs tot in 1e ks-sp, (sk in ks-sp, 3 ks, slaan 1 ks-sp oor) 20 maal en eindig soos voorheen.

13e Rondte: gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

14e Rondte: gs tot in sk-sp, (sk op sk, 3 ks, 7 lb in vlge sk-sp, 3 ks) 10 maal en eindig



soos voorheen.

15e Rondte: gs tot in sk-sp, *sk op sk, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks, (1 lb op vlge lb, 1 ks) 6 maal, 1 lb in vlge lb, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

16e Rondte: gs tot in sk-sp, *sk op sk, 3 ks, 1 lb in 1e ks-sp van pynappel, (3 ks, 1 kb in vlge ks-sp) 4 maal, 3 ks, 1 lb in vlge ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

17e Rondte: gs tot in sk-sp en werk *in sk-

sp (2 lb, 1 ks) 2 maal en 2 lb in dieselfde sk-sp, 3 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 6 ks-sps. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

18e Rondte: *sk in 1e sk-sp, 1 ks, sk in vlge sk-sp, 3 ks, 1 kb in 3e ks-sp, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 3 ks-sps, 3 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

19e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb in vlge ks-sp, 1 ks, sk in vlge sk-sp, 3 ks, 1 kb en 3 ks in vlge 5 ks-sps. Herh vanaf * en eindig soos

voorheen.

20e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, (2 lb in vlge ks-sp, 1 ks) 2 maal, sk in vlge sk-sp, 3 ks, slaan 2 ks-sps oor, 1 kb in vlge ks-sp, 3 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

21e Rondte: *2 lb en 2 ks in elk van vlge 5 ks-sps, 1 kb en 2 ks in elk van vlge 3 ks-sps. Herh vanaf * en eindig soos voorheen.

22e Rondte: 1 kb in elke lb en in elke kb, 2 kb in elke ks-sp en 1 kb in elke 5e kb. Heg af.

Mandjie vir lekkernye

BENODIGDHEDE

50 g PINGOUIN-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 1,75 mm.

AANWYSINGS

Beg met 6 ks engs in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: 3 ks (= 1e lb aan beg van elke rdte), 23 lb in ring en eindig met gs in 3e ks aan beg van rdte.

2e Rondte: *1 lb op lb, 4 ks, slaan 2 lb oor. Herh vanaf * tot einde. (8 ks-sps altesaam).

3e Rondte: 6 kb in elke ks-sp (48 kb).

4e Rondte: *1 lb in kb, 2 ks, slaan 1 kb oor. Herh vanaf * tot einde (24 ks-sps).

5e Rondte: gs tot in ks-sp, *2 lb, 1 ks en 2 lb in dieselfde ks-sp (=sk gemaak), 3 ks, slaan 1 ks-sp oor. Herh vanaf * tot einde (12 ske gemaak).

6e Rondte: *sk in sk-sp, 3 ks. Herh vanaf * 12 maal en eindig soos voorheen.

7e Rondte: *sk in sk-sp, 2 ks, koppel nou ks-sps van vorige 2 rdtes, met 1 kb, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

8e Rondte: gs tot in sk-sp, *1 kb in sk-sp, 8 ks. Herh vanaf * tot einde.

9e Rondte: 10 kb in elke ks-sp (120 kb).

10e Rondte: *1 lb in kb, 1 ks, slaan 1 kb oor. Herh vanaf * tot einde (60 ks-sps).

11e Rondte: *1 kb en 1 hlb in ks-sp, 3 lb in vlge ks-sp, 1 hlb en 1 kb in vlge ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

12e Rondte: vou 11e rdte na voor en in elke ks-sp van 10e rdte werk (1 lb en 1 ks) 60 maal en eindig soos voorheen. Basis gemaak.

13e Rondte: gs tot in ks-sp, (2 lb in ks-sp, 1 ks, 2 lb in vlge ks-sp, 2 ks, slaan 1 ks-sp oor) 20 maal.

14e Rondte: *sk in ks-sp, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * nog 19 maal en eindig soos voorheen.

15e Rondte: (sk in sk-sp, 5 ks) 20 maal.


16e Rondte: soos 14e rdte.

17e Rondte: (sk in sk-sp, 4 ks, 9 lb in vlge sk-sp, 4 ks) 10 maal.

18e Rondte: (sk in sk-sp, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks, 9 lb op 9 lb van vorige rdte, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks) 10 maal en eindig soos voorheen.

19e Rondte: *sk in sk-sp, 3 ks, 1 lb en 1 ks in elk van vlge 9 lb, 3 ks. Herh vanaf * tot einde.

20e Rondte: *sk in sk-sp, 3 ks, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 10 ks-sps, 3 ks. Herh vanaf *



tot einde.

21e Rondte: *sk in sk-sp, 3 ks, slaan 2 ks-sps oor, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 7 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.

22e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb in dieselfde sk-sp, 3 ks, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 8 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.

23e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, sk in vlge ks-sp, 3 ks, slaan 2 ks-sps oor, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 5 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.

24e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb in vlge ks-sp, 1 ks, sk in vlge ks-sp, 3 ks, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 6 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.


25e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb en 1 ks

in elk van vlge 2 ks-sps, sk in vlge ks-sp, 3 ks, slaan 2 ks-sps oor, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 3 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.

26e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb en 1 ks in elk van vlge 3 ks-sps, sk in vlge 1-ks-sp, 3 ks, 1 kb en 3 ks in elk van vlge 4 ks-sps. Herh vanaf * tot einde.

27e Rondte: *sk in sk-sp, 1 ks, 2 lb en 1 ks in elk van vlge 4 ks-sps, sk in vlge 1-ks-sp, 5 ks, slaan 2 ks-sps oor, 1 kb in vlge ks-sp, 5 ks, slaan 2 ks-sps oor. Herh vanaf * tot einde.

28e Rondte: 1 kb in elke lb en 1 kb in elke ks-sp met 6 kb in 5 ks-sps maar maak ps in elke 5e kb. Breek garing af.



Bak vir koekies





Wit stokbrood- houer

BENODIGDHEDE

50 g PINGOUIN-hekelgaring Nr. 5;
hekelpen van 1,75 mm.

AANWYSINGS

Vir voetstuk van houer, wat reghoekig is,
beg met 29 ks.

1e Ry: in 8e ks vanaf pen werk 1 lb, *2 ks,
slaan 2 ks oor, 1 lb in vlge ks. Herh vanaf *
nog 6 maal, draai (8 ks-sps altesaam)

2e Ry: 5 ks, (1 lb op lb, 2 ks) 7 maal, 1 lb in
3e ks aan beg van ry.

3e en 4e Ry: 5 ks, (1 lb op lb, 2 ks) 7 maal, 1
lb in 3e ks aan beg van ry.

L.W.: Hierna word daar in rdtes gewerk.

5e Rondte: in elke ks-sp werk 3 kb en in
hoek-sps werk 5 kb.

6e tot 8e Rondte: in elke kb van vorige rdte
werk 1 kb.

9e Rondte: vou nou randjie van voetstuk
dubbel en werk (1 kb deur middelste kb van
3-ks-sps tesame met kb aan randjie, 5 ks)
24 maal (daar moet 24 ks-sps wees).

10e Rondte: L.W.: aan beg van elke rdte
word 1e lb met 3 ks gemaak. *2 lb, 1 ks en 2
lb in ks-sp (skulp gemaak), 3 ks, 1 kb in vlge
ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * en eindig met gs in
3e ks aan beg van rdte.

11e Rondte: gs tot in ks-sp tussen lbe (sk in
sk-sp, 5 ks) 12 maal en eindig soos voor-
heen.

12e Rondte: *sk op sk, 3 ks, 1 kb in vlge ks-
sp, 3 ks. Herh vanaf * tot einde.

13e Rondte: *sk op sk, 5 ks. Herh vanaf *
tot einde.

14e Rondte: (voortaan word skulpe met 3
lb, 1 ks en 3 lb gemaak). *sk op sk, 3 ks, in 5-
ks-sp werk 1 lb, 2 ks en 1 lb, 3 ks. Herh
vanaf * tot einde.

15e Rondte: *sk op sk, 3 ks, in 2-ks-sp
werk 1 lb, 2 ks en 1 lb, 3 ks. Herh vanaf * tot
einde.

16e en 17e Rondte: *sk op sk, 4 ks, in 2-ks-
sp werk 1 lb, 2 ks en 1 lb, 4 ks. Herh vanaf *
tot einde.

18e en 19e Rondte: *sk op sk, 5 ks, in 2-ks-

sp werk 1 lb, 2 ks en 1 lb, 5 ks. Herh vanaf *
tot einde.

20e Rondte: gs tot in sk-sp, *1 kb in sk-sp,
8 ks, 1 kb in 5-ks-sp, 8 ks, 1 kb in vlge 5 ks-
sp, 8 ks. Herh vanaf * tot einde.

21e Rondte: gs tot in 1e ks-sp, *6 lb in ks-
sp, 3 ks, in vlge ks-sp werk 1 lb, 2 ks en 1 lb,
3 ks, 6 lb in vlge ks-sp. Herh vanaf * tot
einde.

22e Rondte: *4 kb op 4 lb van vorige rdte,
slaan 2 lb oor, 5 ks, in 2-ks-sp werk 1 lb, 2 ks
en 1 lb, 5 ks, slaan 2 lb oor, 4 kb op vlge 4 lb.
Herh vanaf * tot einde.

23e Rondte: *2 kb op 2 kb, 6 ks, slaan 2 kb
oor, in 2-ks-sp werk 1 lb, (2 ks, 1 lb) 3 maal,
6 ks, slaan 2 kb oor, 2 kb op 2 kb. Herh vanaf
* tot einde.

24e Rondte: *1 kb in kb, 6 ks, in elke 2-ks-
sp van vorige rdte werk 1 lb, 2 ks en 1 lb, 2
ks (3 maal altesaam), 6 ks, slaan 1 kb oor, 1
kb in vlge kb. Herh vanaf * tot einde.


25e Rondte: *1 kb in kb, 9 ks, 1 kb in vlge
ks-sp, 3 ks, 1 kb, p en 1 kb in vlge ks-sp, 3 ks,
1 kb in vlge ks-sp, 3 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 9
ks. Herh vanaf * tot einde. Breek garing af.

HANDVATSEL

Maak 4 ks en gs in 1e st om ring te vorm. In
ring werk 3 ks (= 1e lb), 3 lb in elk van vlge 3
lb. Gaan so voort totdat handvatset 28 cm
lank is of langer as jy dit so verkies. Breek
garing af.

AFWERKING

Stywe mandjie en fatsoeneer volgens foto.
Heg handvatset aan houer vas.





Bak vir koekies

BENODIGDHEDE

50g PINGOUIN-hekelgaring Nr. 5;
hekelpen van 1,75 mm.

AANWYSINGS

Beg met 10 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: 3 ks (= 1e lb), 23 lb in ring engs in 3e van 3 ks aan beg.

2e Rondte: * 1 lb op lb, 1 ks, slaan 1 lb oor, 3 lb in vlge lb, 1 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * nog 5 maal en eindig soos voorheen.

3e Rondte: * 1 lb op lb, 2 ks, 2 lb in vlge lb (vermeer gewerk), 1 lb op vlge lb, vermeer, 2 ks. Herh vanaf * nog 5 maal en eindig soos voorheen.

4e Rondte: * 1 lb op lb, 2 ks, vermeer, 1 lb op elk van vlge 3 lb, vermeer, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

5e Rondte: * 1 lb op lb, 2 ks, vermeer, 1 lb op elk van vlge 5 lb, vermeer, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

6e Rondte: * 1 lb op lb, 2 ks, vermeer, 1 lb op elk van vlge 7 lb, vermeer, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

7e Rondte: * 1 lb op lb, 2 ks, vermeer, 1 lb op elk van vlge 9 lb, vermeer, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

8e Rondte: * 1 lb op lb, 2 lb in ks-sp, 4 lb op 4 lb, 5 ks, slaan 2 lb oor, 1 kb in vlge lb, 5 ks, slaan 2 lb oor, 4 lb op 4 lb, 2 lb in ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

9e Rondte: * 6 lb op 6 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in vlge ks-sp) 2 maal, 5 ks, slaan 1 lb oor, 5 lb op 5 lb. Herh vanaf * tot einde.

10e Rondte: * 5 lb op 5 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in ks-sp) 3 maal, 5 ks, slaan 1 lb oor, 4 lb op 4 lb. Herh vanaf * tot einde.

11e Rondte: * 4 lb op 4 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in ks-sp) 4 maal, 5 ks, slaan 1 lb oor, 3 lb op 3 lb. Herh vanaf * tot einde.

12e Rondte: * 3 lb op 3 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in ks-sp) 5 maal, 5 ks, slaan 1 lb oor, 2 lb op 2 lb. Herh vanaf * tot einde.

13 Rondte: * 2 lb op 2 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in ks-sp) 6 maal, 5 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb op 1 lb. Herh vanaf * tot einde.

14e Rondte: * 1 lb op 1 lb, slaan 1 lb oor, (5 ks, 1 kb in ks-sp) 7 maal, 5 ks. Herh vanaf * tot einde.

15e Rondte: 4 lb in elke ks-sp van vorige rdte (192 lb).

16e Rondte: 1 lb op elke lb.

17e Rondte: gs tot in vlge lb, * 13 lb op 13 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb op vlge lb, 2 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * nog 11 maalen

eindig soos voorheen.

18e Rondte: gs tot in vlge lb, * 11 lb op 11 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb op lb, 1 lb in ks-sp, 2 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * tot einde.

19e Rondte: * slaan 1 lb oor, 9 lb op 9 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb in elk van vlge 3 lb, 1 lb in ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * tot einde.

20e Rondte: * slaan 1 lb oor, 7 lb op 7 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb in elk van vlge 5 lb, 1 lb in ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

21e Rondte: * slaan 1 lb oor, 5 lb op 5 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb in elk van vlge 7 lb, 1 lb in ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

22e Rondte: * slaan 1 lb oor, 3 lb op 3 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb in elk van vlge 9 lb, 1 lb in ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.


23e Rondte: * slaan 1 lb oor, 1 lb op 1 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in ks-sp, 1 lb in elk van vlge 11 lb, 1 lb in ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.


24e Rondte: 6 ks (= 1 lb en 3 ks), *(1 lb op lb, 3 ks, slaan 2 lb oor) 4 maal, 1 lb op lb, 3 ks, slaan ks-sp oor, 1 lb op lb, 3 ks, slaan ks-sp oor. Herh vanaf * en eindig met gs in 3e van 6 ks aan beg van rdte.

25e Rondte: gs in ks-sp, 3 ks (= 1e lb), 2 lb, 2 ks en 3 lb in dieselfde sp (skulp gemaak), * 3 ks, slaan 1 ks-sp oor, in vlge ks-sp werk sk (36 skulpe altesaam).



26e Rondte: * sk op sk, 2 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 2 ks. Herh vanaf * tot einde.

27e Rondte: * in sk-sp werk (1 lb, p) 4 maal en 1 lb. Herh vanaf * tot einde. Breek garing af.





**Bak vir
soutigheidjies**



Bak vir soutigheidjies

100 g TRIDALIA-hekelgaring Nr. 5 in wit, TRIDALIA-hekelgaring Nr. 8, 50 g elk in volgende kleure: liggeel, donkergeel, rooi, pienk, groen, ligpers, oranje, donkerpers en blou; hekelpenne van 1,75 mm en 2,00 mm.

BAK

Met hekelpen van 2,00 mm en wit maak 6 ks en as in 1e ks om ring te vorm.


1e Rondte: 3 ks (= 1e lb), 23 lb in ring en eindig met gs in bopunt van 3 ks aan beg.

2e Rondte: * 4 lb op 4 lb, 3 ks. Herh vanaf * nog 5 maal en eindig soos voorheen.

3e Rondte: * 4 lb, tr op 4 lb, 7 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 7 ks. Herh vanaf * tot einde.

4e Rondte: gs tot in middel van 1e ls, * 1 kb in ls, 9 ks. Herh vanaf * en eindig met gs in 1e kb.

5e Rondte: gs tot in 5e ks van 9-ks-ls, *(2 dsl-tr en 3 ks) nog 11 maal en eindig soos voorheen.



Bak vir soutigheidjies

6e Rondte: gs tot in ks-sp, *1 kb in ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * tot einde (36 ks-sps altesaam).

7e Rondte: soos 6e rdte.

8e Rondte: 4 kb in elke ks-sp.

9e Rondte: *1 driesl in agterkant van kb, 1 ks, slaan 1 kb oor. Herh vanaf * 72 maal altesaam.

10e Rondte: 2 kb in elke ks-sp (144 kb).

11e Rondte: kb op kb.

12e Rondte: *11 kb op 11 kb, slaan 3 kb oor, 8 dsl in vlge kb, slaan 3 kb oor. Herh vanaf * tot einde (8 gpe van dsl altesaam). Breek garing af.

Vir staander van bak steek hekelpen in voorkant van kb wat oorgeslaan was in 9e rdte en werk *2 lb, 1 ks en 2 lb in dieselfde


kb, slaan 3 kb oor, 1 kb in vlge kb, slaan 2 kb oor* herh 20 maal (slaan 3 kb 4 maal oor in plaas van 2 kb aan regterkant van kb), in vlge rdte werk 6 lb in elke ks-sp en 1 kb in elke kb. Breek garing af.


ROSIES

Maak 8 rosies in verskillende kleure soos volg:

Met hekelpen van 1,75 mm en liggeel Tridalia-hekelgaring Nr. 8 maak 6 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: in ring werk 3 ks (= 1e lb), 4 ks, *1 lb, 4 ks. Herh vanaf * nog 4 maal, en eindig met gs in 3e van 3 ks aan beg van rdte (6 ks-sps altesaam)





2e Rondte: in elke ks-sp werk 1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb en 1 kb.

3e Rondte: 1 lb aan agterkant van 1e lb in 1e rdte, * 7 ks, 1 lb aan agterkant van vlge lb in 1e rdte. Herh vanaf * tot einde.

4e Rondte: in elke ks-sp werk 1 kb, 1 hlb, 7 lb, 1 hlb en 1 kb. Breek gekleurde garing af.

5e Rondte: met wit en hekelpen van 2,00 mm werk, * 1 kb in 4e lb van blaar van rosie, 6 ks. Herh vanaf * nog 5 maal.

6e Rondte: 6 kb in elke ks-sp.

7e Rondte: * 1 lb, 1 ks en 1 lb in kb, 1 ks, slaan 2 kb oor. Herh vanaf * nog 11 maal.

8e Rondte: in elke ks-sp werk 1 kb, 3 ks en 1 kb.

Om rosies te voltooi, in 8e rdte heg twee dele van roos aan mekaar vas met 1 gs in drie 3-ks-sps en terselfdertyd gs aan kante van bak vas soos op foto aangedui.

DEKSEL

Werk soos vir bak tot by 5e rdte.

6e Rondte: gs tot in ks-sp, * 1 lb in ks-sp, 5 ks. Herh vanaf * tot einde.

7e Rondte: gs tot in ks-sp, * 1 kb in ks-sp, 5 ks. Herh vanaf * tot einde.

8e Rondte: gs tot in 3e van 5 ks-sps, * 1 dsl

in ks-sp, 1 ks, in 3e van vlge 5 ks-sps werk 3-dsl-tr, 2 ks en 3-dsl-tr, 1 ks. Herh vanaf * nog 17 maal.

9e Rondte: 2 kb in elke 1-ks-sp en 3 kb in elke 2-ks-sp.

10e Rondte: kb op elke kb.

11e Rondte: * 1 kb, 3 ks en 1 kb in kb, slaan 1 kb oor. Herh vanaf * tot einde. Breek garing af.

Hekel 6 gekleurde rosies soos vir bak en werk vas tussen dsl-trs in 5e rdte.

Vir ringetjie in middel van deksel maak 12 ks en werk 12 kb op die 12 ks. Werk aan deksel vas.

Stokbroodhouer met rooi lint



**Roosterbrood-
houer en
servetring**





Stokbroodhouer met rooi lint

BENODIGDHEDE

50 g PINGOUIN-hekelgaring Nr. 5 in wit; hekelpen van 1,75 mm; Stuk rooi fluweellint.

AANWYSINGS

Vir voetstuk van houer, wat reghoekig is, beg met 25 ks.

1e Rondte: in 2e ks vanaf pen werk 1 kb, 1 kb in vlge 23 ks, 3 kb in laaste ks en gaan voort aan ander kant van ks en werk 1 kb in elk van vlge 23 ks, 3 kb in laaste ks.

2e Rondte: 3 ks (= 1 lb), 22 lb op 22 kb, 3 lb in vlge kb (dubbele vermeer gewerk), 1 lb op vlge lb, 1 dubbele vermeer, 23 lb op vlge 23 kb, 1 dubbele vermeer, 1 lb op vlge lb, 1 dubbele vermeer en eindig met gs in bopunt van 1e lb.

3e Rondte: werk in lb maar werk 4 vermeer aan 2 uiteindes (1 vermeer = 2 lb in dieselfde lb).

4e Rondte: soos 3e rdte maar steek pen in agterkant van lb.

5e Rondte: vou randjie van voetstuk dubbel en werk (1 kb deur lb tesame met kb aan randjie) in elke lb.

6e Rondte: *4 lb in kb, slaan 3 kb oor. Herh vanaf * tot einde.

7e Rondte: werk lb maar werk 4 vermeer aan uiteindes (84 lb).

8e Rondte: werk lb op lb.

9e Rondte: *tussen 2 lb werk 2 lb, 1 ks en 2 lb (skulp gemaak), 1 ks, slaan 2 lb oor, sk in vlge sp, 1 ks, slaan 3 lb oor. Herh vanaf * nog 16 maal (34 skulpe).

10e Rondte: *sk op sk, 1 kb in vlge ks-sp. Herh vanaf * nog 33 maal.

11e Rondte: *sk op sk, 1 ks. Herh vanaf * tot einde.

12e Rondte: soos 10e rdte.

13e en 14e Rondte: soos 11e en 12e rdte.

15e Rondte: soos 11e rdte.

16e Rondte: gs tot in sk-sp, *in sk-sp werk

5 lb, p, en 5 lb, 1 kb in vlge ks-sp. Herh vanaf * tot einde.

AFWERKING

Ryg rooi fluweellint deur skulpe van 15e rdte en bind aan kant vas.

HANDVATSEL

Maak 60 ks en werk 1 ry lb.

Vlge Ry: *1 lb op lb, 1 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * en eindig met 1 lb op laaste lb.

Vlge Ry: *1 lb op lb, 1 lb in ks-sp. Herh vanaf * tot einde. Breek garing af.

Werk handvatseel aan mandjie vas met naald en garing.

Roosterbroodhouer en servetring

BENODIGDHEDE

50 g PINGOUIN-hekelgaring Nr. 5 in wit; hekelpen van 1,75 mm.

ROOSTERBROODHOUSER

Maak 12 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: in ring werk 3 ks (= 1 lb), 1 lb, 1

ks, *2 lb, 1 ks. Herh vanaf * nog 10 maal en eindig met gs in 3e van 3 ks aan beg.

2e Rondte: gs tot in ks-sp, *3-dsl-tr in ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * nog 11 maal.

3e Rondte: gs tot in ks-sp, *5 lb in elke ks-sp. Herh vanaf * tot einde (60 lb).

4e Rondte: *1 lb op lb, 2 ks, slaan 1 lb oor. Herh vanaf * tot einde.

5e Rondte: gs tot in ks-sp, *1 lb, 1 ks en 1 lb in ks-sp, 1 ks. Herh vanaf * nog 29 maal.

6e Rondte: gs tot in ks-sp, *(1 lb, 1 ks en 1 lb in ks-sp, 1 ks) 4 maal, 50 ks, slaan 11 gpe



wat volg op 2 lb oor. Herh vanaf * nog 3 maal en eindig soos voorheen. Daar moet dus vier 50-ks-sps wees.

7e Rondte: gs tot in 1-ks-sp tussen 2 lb, *in 1-ks-sps tussen pare lbe werk 1 lb, 1 ks en 1 lb, 1 ks, in die 50-ks-sp werk (1 lb, 1 ks, slaan 1 ks oor) 25 maal. Herh vanaf * tot einde.

8e Rondte: *in 1-ks-sp werk 2 lb, 1 ks en 2 lb (sk gemaak), 5 ks. Herh vanaf * nog 17 maal maar slaan 2 lse tussen skulpe oor.

9e Rondte: *sk op sk, 3 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 3 ks. Herh vanaf * nog 17 maal.

10e Rondte: breek garing af en gaan voort slegs op 3 skulpe in middel van ooreenstemmende 50-ks-sp; (sk op sk, 5 ks) 3 maal, (sk op sk, 3 ks, 1 kb in vlge ks-sp, 3 ks) 3 maal, 2 ks draai en gs in kb, 1 kb op kb, 4 ks, sk op sk, 4 ks, 1 kb in vlge kb. Breek garing af en voltooi teenoorgestelde kant op dieselfde wyse, maar oor teenoorgestelde 50-ks-sp; werk dan weer oor al die ste.

11e Rondte: *1 kb op kb, 4 ks, (1 lb en 1 ks) 5 maal in dieselfde sk, 4 ks. Herh vanaf * rondom en teenoor punte werk 1 kb en 5 ks 3 maal in 4-ks-sp, dan 1 kb en 5 ks tussen 4

lb van sk, en 1 kb en 5 ks 3 maal in vlge 4-ks-sp.

12e Rondte: *1 kb en 1 p tussen pare groepe van 5 lb; 5 ks, 1 kb op kb, 5 ks; op punte werk 1 kb en 5 ks in elke 5-ks-sp. Breek garing af.

SERVETRING

Maak 63 ks en gs in 1 e ks om ring te vorm.

1e Rondte: (1 lb in ks, 2 ks, slaan 2 ks oor) 21 maal.

2e Rondte: (1 lb op lb, 2 ks) 21 maal.

3e Rondte: soos 2e rdte.

4e Rondte: {2 lb in ks-sp, 1 ks, 2 lb in dieselfde ks-sp (sk gemaak), 5 ks, slaan 2 lse oor} 7 maal.

5e Rondte: (sk op sk, 3 ks, 1 kb in vlge ls, 3 ks) 7 maal.

6e Rondte: {in ks-sp van sk werk (1 lb en 1 p) 4 maal, 1 lb in dieselfde ks-sp, 3 ks} 7 maal. Breek garing af en werk dan vanaf 4e tot 6e rdte aan ander kant van opgestelde ks. Ryg gekleurde koord deur lbe van eerste 3 rdtes.



Buitengewone juwelemandjie

BENODIGDHEDE

50 g PINGUIN-hekelgaring Nr. 5; hekelpen van 1,75 mm.

AANWYSINGS

Beg met 5 ks en gs in 1 e ks om ring te vorm.

1e Rondte: in ring werk 3 ks (= 1 lb), 23 lb en gs in 3e van 3 ks aan beg van rdte.

2e Rondte: 1 lb op lb, 2 ks vir 24 maal en eindig soos voorheen.

3e Rondte: 1 dsl op lb, 3 ks vir 24 maal, 1 dsl op laaste lb.

4e Rondte: gs tot in ks-sp en werk in elke ks-sp 4 dsl, 1 ks tot einde 1 dsl op laaste dsl.

5e Rondte: gs tot in 1 e ks-sp. *in ks-sp tussen gpe dsl werk 1 dsl, 1 ks en 1 dsl, 4 ks. Herh vanaf * en eindig met 1 dsl op laaste dsl.

6e Rondte: in ks-sps werk 1 kb, 3 dsl en 1 kb. Breek garing af. Daar moet 24 dsl-gpe altesaam wees.

Oor 3 gpe van 3 dsl in 6e rdte word waaier-rand soos volg gewerk:

LET WEL: Aan rand van bodem word waaiers vasgeheg met 'n gs.

Beg in 'n kben maak 10 ks (= 5 ks, 1 dsl en 1 ks), draai.

1e Ry: (1 dsl in vlge ks, 1 ks) 9 maal, draai. Daar moet altesaam tien 1-ks-sps wees.


2e Ry: 6 ks (= 1 dsl en 2 ks), *1 dsl op vlge dsl, 2 ks. Herh vanaf * en eindig met 1 dsl op 4e van 6 ks aan beg van ry, draai.

3e Ry: (1 dsl, 3 ks) 10 maal, draai.

4e Ry: in elke ks-sp werk 4 dsl, 1 ks, draai.

5e Ry: in 1-ks-sps tussen dsl-gpe werk 1 dsl, 1 ks en 1 dsl, 4 ks, draai.

6e Ry: in elke 4-ks-sp werk 1 kb, 3 dsl en 1 kb. Breek garing af. Daar moet altesaam 8 waaiers gehekel word.



**Buitengewone
juwelemandjie**

